

16 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 106:1-8, 47-48
Fokusgedeelte: Psalm 106:2

Woorde kom kort

Wie kan die magtige daad van die HERE uitspreek, al sy roem verkondig? Geen mens nie. Die magtige daad van die Here kan nie in mensewoorde uitgedruk word nie. Vanweë ons sondige natuur het dit geheel en al onmoontlik geword om sy lof ten volle te verkondig. Dwarsdeur Psalm 106 loop die tragiese bloedspoor in Israel se geskiedenis van ongehoorsaamheid, opstand, onvergenoegdheid, wantroue, ontrou, betersweterigheid: die teenoorgestelde van Godsverheerliking.

Tog is daar sprake van “welgeluksaligheid” (vs 3). Gelukkig is die mense wat die reg bewaar, wat geregtigheid doen. Dit gaan goed met hulle wat in Christus verlos is en die eer van God in hulle lewe weer voorop stel. Vir so ’n verlore lewe word daar in Psalm 106 gebed (vs 4): Dink aan my, o HERE, na die welbehag in u volk. Gee dat u Naam weer in die gedagtes, harte, woorde en daad van u kinders verheerlik word.

Die digter van Psalm 106 begeer om die geluk van God se uitverkorenes te aanskou (vs 5). Hy wil deel hê aan die blydschap van God se volk en hom verheug saam met almal wat aan die Here se kosbare erfenis deel het. Hierdie begeerte is nie uit egoïsme gebore nie. Dit het alles te doen met die vraag aan die begin. Die kind van God wat onder die seën van die Here in die gemeenskap van gelowiges die goedheid van die Here mag geniet, word toegerus en in die geleentheid gestel om die magtige daad van die Here uit te spreek.

Dit is steeds waar: geen mens kan die roem van God ten volle verkondig nie. Ook nie al die gelowiges op aarde tesame nie. Ons woorde kom kort, maar ons woorde mag wel ’n bydrae lewer. Die vraag aan die begin van die Psalm word op die einde gepas met ’n lofsegging beantwoord: Halleluja, prys die Here!

Sing: Psalm 106:1 (1936)

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)